Sommer net …



## Ons is nie bang nie
## uit "De Stem Achter U" [1]

Gabe van Duinen

***"Maar julle ken Hom,***
***omdat Hy by julle bly en in julle sal wees."***
***Joh 14:17*** [2]

Daar is in ons moderne wêreld veel angs vir die toekoms. Waar gaan ons heen? Wat gaan ons doen? Waar gaan alles eindig? Een of ander skrywer het gesê: "Die wêreld is besig om op onsigbare wyse te vergaan." Allerlei doemprofete skilder die toekoms met donker kleure. "Verseker sal daar ʼn môre wees, maar watter soort môre sal dit wees met kernkrag oorloë en wat nog meer," voorspel hulle.

Ons is nie bang nie! Nie vir dit wat die toekoms inhou nie, ook nie vir die mense van die toekoms nie. Omdat ons ook in die toekoms seker is van die persoonlike teenwoordigheid van die Heilige Gees. Dan is "môre" verseker ʼn groot en goeie dag. Ons beleef ondenkbare ontwikkeling op wetenskaplike, tegniese, kern en ander gebiede. Maar die eintlike vaste sekerheid van môre is sonder twyfel dat dit wat vandag ook is, steeds môre sal wees. En dit is die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Want die Heiige Gees is eenmaal gegee en word nooit weer teruggeneem nie.

Net so werklik as wat dit is dat God op Kersnag in die vlees gekom het om vir die wêreld te sterf, net so werklik is dit dat Hy op Pinksterdag as Gees gekom het om in ons te woon. Van daardie oomblik af is God as Persoon hier op die aarde teenwoordig. Die Gees van die lewende God is nou hier. En dit is nie maar net ʼn heilige gees nie, maar die Heilige Gees van God Persoonlik wat in ons teenwoordig is. *"Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees."* Die Krip is vaste realiteit, en die Kruis is vaste realiteit, en die Gees is vaste realiteit. Daarom is ons nie bang nie!

***


*Bronne:*
1. Ds Gabe van Duinen: *De Stem Achter U* ; A.W.Sijthoff, Leiden, Nederland; 5de druk 1967; p310
2. Die Bybel: Joh 14:17 (2020 vertaling)